

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 14
26 April 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Elmer Kloppers in graad R3 en sy familie met die heengaan van sy oupa gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

VOLKSKOOL-SPORTDAG
Die Volkskool-sportdag vind môre, 27 April by Hoërskool DF Malherbe vanaf 08:00 – 16:00 plaas. Sien gerus die inligtingstukke wat op D6 gelaai is indien u meer inligting benodig. Graag wil ons ook die volgende reëlings deurgee in verband met parkering en toegangsfooie indien u die dag gaan bywoon:

- Binne-parkering – R20 per motor (ongeag hoeveel insittendes)
- Instap – R10 per volwassene, kinders in skoolklere kan verniet ingaan en kinders in gewone klere moet R5 betaal.

Baie dankie aan alle ouers wat reeds hard werk om van die dag ‘n reuse sukses te maak. Voorspoed aan al die spanne wat gaan deelneem.

KLASFOTO’S
Dié foto’s is reeds vanaf, Woensdag, 17 April 2019 in die voorportaal vir besigtiging. Slegs een vorm per huisgesin moet voltooi en saam met die oudste/enigste leerling aan die onderwyser terugstuur of selfs by die kantoor voor/op, Maandag, 29 April 2019, ingehandig word (bestelvorm alreeds aan u op Woensdag 17 April 2019, gestuur) Betaling moet bestelling vergesel. Daar sal nie ‘n bestelling vir die foto(s) geplaas word indien die betaling nie saam met die bestelling vergesel word nie.

FACEBOOK BLAD: SKOOLKLERE
Die Facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Ons is tans op soek na iemand wat dit as administrateur kan oorneem. Dit behoort 'n kranige Facebooker te wees wat gereeld op Facebook is en wat nog baie jare as ouer by ons diens sal doen. U moet net by die groep aanteken en vir my ‘n boodskap stuur dat u belangstel om die administrateur te wees. By voorbaat dankie vir u ondersteuning hiermee.

NETBALWEDSTRYD-HEMPIES
Die netbalwedstryd-hempies is gedurende die week ontvang en tans by die klerewinkel beskikbaar. Die pryse wissel van R160 – R190 afhangende van groottes vanaf 0/7 en op.

TENNIS: MUSIC TRIVIA
Graag vestig ons solank u aandag op 3 Mei 2019 wanneer ons Tennis Music Trivia om 18:00 vir 18:30 in ons skoolsaal gaan plaasvind. Hierdie geleentheid, wat belowe om vol pret en pryse te wees dien as fondsinsameling vir ons jaarlikse tennis-toer sowel as ligte en toerusting vir die bane. Meer inligting sal binnekort aan u op ons D6-skoolkommunikeerder sowel as ons Facebook-blad deurgegee word.

KULTUURAAND MET NATASHA JOUBERT: WOENSDAG, 12 JUNIE 2019
Kaartjieverkope vir ons kultuuraand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019 in ons skoolsaal vorder fluks en is by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens beskikbaar teen R60 per persoon.

AFKNOUERY
Ons is bekommerd oor ‘n al groter en toenemende mate van afknouery wat tydens skoolure, tydens pouses en buite klassituasies tussen leerlinge (seuns en meisies) plaasvind.

Ons het waargeneem dat LEERLINGE MEKAAR VERAL fisies of verbaal afknou. Wat ookal die oorsake mag wees, dit bly ‘n onaanvaarbare vorm van gedrag en ons wil nie daaroor swyg of daarvan wegvlug nie.

Daarom wil ons graag die probleem aanspreek. Ons wil leerlinge wat ander teiken, sowel as die lydende partye probeer help. Daar is verskillende maniere hoe dit gedoen kan word.

Om afkouery uit te roei, het ons die volgende onmiddellike stappe in gedagte:

- Gesels met u kind oor insidente wat plaasvind.
- Onthou: ‘n storie het altyd twee kante.
- Kry die ander leerder wat in die insident betrokke is, se naam.
- Indien ‘n insident herhaal word, rapporteer dit aan die klasonderwyser (minder ernstig) of skoolhoof (meer ernstig), verkieslik op skrif.
- Indien die insident weer voorkom en elke keer daarna, kontak die skoolhoof direk. Die skoolhoof sal dan moontlike wyses van hantering met u bespreek.
- Insidente wat binne 24 uur aangemeld word, sal onmiddellike aandag geniet.

Afknouery kan en mag nooit deel van Newtonparkleerlinge se opvoeding word nie. Baie dankie dat u as ouer vir ons gaan help om van hierdie probleem ontslae te raak.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se naam en van verskaf, en bewys na fin@lnpark.co.za e-pos.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal 'n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Mense wat in jou glo, beïnvloed jou lewe.

Henry Drumond

Ons werk nie net om te produseer nie, maar om waarde aan tyd te gee.

Eugene Delacroix

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 29 April	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** **GEEN Kuns**
Di – 30 April	:	**GEEN Kuns** Skaak: graad 1 – 2 **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7 **14:20 – 15:15** Tennis: Grey/Collegiate A teen LNP snr. A (w) Tennis: St. Joseph's A teen LNP snr. B (w) Tennis: LNP jnr. A teen LNP jnr. B (t) Tennis: LNP jnr. B teen LNP jnr. A (t)
Wo – 1 Mei	:	**WERKERSDAG**
Do – 2 Mei	:	Netheidsinspeksie Netbal: 0/10 teen Erica **14:30** (w) Netbal: 0/11 teen Erica **14:30** (t) Netbal: 0/9 teen Erica **14:30** (t) Netbal: 0/13A teen Herbert Hurd **14:30** (w) Netbal: 0/12A teen Herbert Hurd **14:30** (t) Dance Kids ballet graad R: **13:15**
Vr – 3 Mei	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** Drama graad R – 2: **12:45-13:30** Drama graad 3 – 7: **12:45-13:45** Eko-Newtons

Tennis Music Trivia: **18:00**

SPORT & KULTUUR

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
24 April	0/9A	Sonop	LNP verloor 15 – 10
24 April	0/11A	Sonop	LNP verloor 5 – 0
24 April	0/13A	Sonop	LNP verloor 27 – 7

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
25 April	0/9A	Herbert Hurd	LNP wen 6 – 1
25 April	0/10A	Herbert Hurd	LNP wen 11 – 1
25 April	0/11A	Herbert Hurd	LNP wen 3 – 2